HIGHGATE OSTRICH FARM south africa

# EDEN TWEEKAMP•BIATHLON

108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSTHOORN, 6625 082-7734901 davesusvdw@gmail.com www.edenbiathlon.co.za

*"Eden Sport Federation of the Year 2019"*

2022.01.05

## NUUSBRIEF 1/22

Welkom terug aan aql ons atlete, bestuur, beamptes, ouers en ondersteuner! Mag 2022 vir almal net goed inhou en mag voorspoed ongekende hoogtes bereik! Die Bestuur is tans besig om alles in plek te kry vir die 2022-seisoen. Ons Operasionele Bestuurder, Dave van der Walt het al die meeste reëlings in plek maar daar lê nog baie werk voor om die seisoen glad te laat begin. Die volgende behoort gemeld te word:

- ‘n Hele paar van on sou **Bestuur** se staatmakers het klaargemaak. Baie dankie vir wat julle vir Eden Tweekamp gedoen het – dit word opreg waardeer! Ons is egter seker ons sal die gesigte van Johan Windt, Marius Schlechter, Abigail McKay en Rudy Reichert nog by ons byeenkomste sien! Die Bestuur is in die proses om geskikte persone te koöpteer vir die volgende termyn. Sover het Jacques Koen [vise-voorsitter], Leana Robinson [vise-voorsitter] en Mandy Alexander alreeds ingestem – baie dankie!
- Die **HIGHGATE** vind op 5 Februarie plaas op Oudtshoorn na ‘n Covid-afjaar! WP is vanjaar ons vennoot in die aanbieding daarvan. Hou asseblief daardie naweek oop!
- Die **SA Kampioenskappe** vind 1/2 April 2022 in Port Elizabeth plaas – tref maar vroegtydig reëlings vir die naweek.
- Soos almal sekerlik alreeds weet, betreë tweekamp in Suid-Afrika ‘n nuwe era wat **afstande en ouderdomsgroepe** aanbetref. Ons het alreeds einde 2021 ‘n proeflopie gehad om die haakplekke te identifiseer en op te los. Ons besef dit val nie dalk in elkeen se smaak nie maar wees verseker dit geld vir almal…… [sien www.edenbiathlon.co.za ]
- Die atlete wat nog nie **geregistreer** [en betaal!] het nie, moet asseblief vroegtydig doen. [dit kan ook vanaf die webtuiste verkry word]. Die registrasiegeld is vanjaar R100 per atleet.
- Daar gaan vanjaar streng gehou word by die **inskrywings vir byeenkomste** – alle inskrywings moet alreeds die Maandag voor die byeenkoms VOOR 12:00 op die voorgeskrewe vorm by Leana Robinson in wees – kopieer ook vir Stephnie McKay in! Slegs uitsonderlike gevalle sal by die baan hanteer word. Alle atlete neem deel aan die liga en proewebyeenkomste in hulle amptelike skool/klub klere deel. Eden klere word slegs vir interprovinsiale en SA’s gebruik.
- Geen inskrywings sal aanvaar word as die naam van die **vereiste beampte** nie ook op die vorm verskyn nie!
- Streng **Covid protokol** sal steeds gevolg word. Die nodige Covid Screaning Form moet vooraf ingevul word en nadat die temperatuur by die baan geneem is en daarop ingevul is, aan die beampte oorhandig word. Dit geld ook vir beamptes, ouers en toeskouers.
- Die kies van die **EDEN spanne** [Meriete & Ontwikkeling] vind plaas by die Eden Proewebyeen-koms op 25 Jan 2022 op Oudtshoorn. Kyk asseblief na die vereistes sso op die registrasievorm verskyn. Onthou ook asseblief dat alle byeenkomste 17:00 begin.
- Met die korter afstande van die nuwe program behoort die byeenkomste ook **heelwat korter te wees en gouer klaar maak.**
- **POPI ACT**: Deur in te skryf vir enige Eden byeenkoms word outomaties toestemming verleen dat foto’s en name gebruik mag word vir uitslae, mediaberigte en amptelike programme.

**Vir enige navrae kan Dave van der Walt [082 7734 901] of Stephnie McKay [082 9884 439] gekontak word.**

Voorspoedige seisoen!

**Stephnie McKay**
**Voorsitter**

**Dave van der Walt**
**Operasionele Bestuurder**